SAPPA NUUS NEWS

ISSUE 29 | 09 MAY 2025

INHOUD/CONTENTS

- Crop Estimate
- Dekgewasse bring nuwe lewe vir pekanboorde op Patrysvlei
- New Registered product list for Pecan nuts in South Africa
- 2025 Oes Seisoen het amptelik begin
- South African Pecans in the Spotlight at Major Chinese Exhibition
- 2025 AGM: Save the Date
- Transformasieboerdery groei saam met SAPPA: Die Middleton-storie

## Crop Estimate

The April crop estimate projects a harvest between 40,800 tons and 45,000 tons. Historically, approximately 90% of the harvest is exported in-shell.

## Dekgewasse bring nuwe lewe vir pekanboorde op Patrysvlei

Op die plaas Patrysvlei buite Petrusburg, boer Heinrich Weideman en sy skoonseun, Dirkie Calitz, met ’n passie vir pekanneute én vir volhoubare landbou. Hulle bestuur saam ’n diverse pekanboerdery met bome van verskillende ouderdomme – van ’n gevestigde 32 hektaar-blok wat reeds 25 jaar oud is, tot ’n jonger 100 hektaar-aanplanting van sewe jaar.

Twee jaar gelede het die pa-en-skoonseunspan besluit om dekgewasse op 62 hektaar van hul boorde te begin vestig.

Lees die volle artikel hier: **https://www.sappa.za.org/dekgewasse-bring-nuwe-lewe-vir-pekanboorde-op-patrysvlei/**

## New Registered product list for Pecan nuts in South Africa

Please visit our websit at: **https://www.sappa.za.org/crop-protection/** and find the newest registered product lists for pecan nuts in South Africa under ***Plant Protection Products & MRL Lists.***

## 2025 Oes Seisoen het amptelik begin!

Ons is opgewonde om aan te kondig dat die 2025 oes amptelik aan die gang is, met sommige verwerkers wat reeds hul eerste neute ontvang het. Ons wens al ons produsente en verwerkers sterkte toe vir die seisoen wat voorlê – mag dit voorspoedig en geseënd wees!

Ons doen ook weer ’n beroep op alle produsente om Choctaws so vroeg moontlik te oes en by verwerkers te lewer. Dit stel verwerkers in staat om kontraktering, verwerking en uitvoer betyds te voltooi, sodat Choctaws vroeg in die mark verskyn en in die beste moontlike toestand hul bestemming bereik.

---

## South African Pecans in the Spotlight at Major Chinese Exhibition

Pecans from South Africa were proudly represented at the 18th Food Exhibition for China Nuts and Dried Fruits, held in Hefei, Anhui Province, from April 15 to 19, 2025. The event took place at the Hefei Binhu International Exhibition and Convention Center, spanning over 150,000 square meters, including 120,000 square meters dedicated to product displays. This year, the exhibition attracted 237,000 visitors and featured more than 10,000 products from nearly 2,000 companies.

Prior to the event, on April 14, South African representatives visited three pecan farms in Anhui Province. These included...

Read the full article here: **https://www.sappa.za.org/south-african-pecans-in-the-spotlight-at-major-chinese-exhibition/**







---

## SAPPA AGM 2025: Save the Date

SAPPA se Algemene Jaarvergadering vind vanjaar op **7 November** plaas by **The Venue** in **Hartswater**. Merk dit solank aan in julle dagboeke!

---

## Transformasieboerdery groei saam met SAPPA: Die Middleton-storie

Kyle-Jones Middleton boer saam met sy pa, Keith, op hul plaas naby Jacobsdal. Wat as ’n klein begin van sowat drie hektaar pekanneutbome begin het, het oor die afgelope paar jaar gegroei tot ’n volhoubare boerdery van agt hektaar – met SAPPA as vennoot aan hul sy.

Keith het ongeveer agt jaar gelede die aanvanklike boord geplant, en sedert 2021 is SAPPA betrokke by hul pad vorentoe. Aanvanklik het SAPPA gehelp met vervangingsbome waar die oorspronklike bome nie oorleef het nie. Daarna is verdere ondersteuning gebied om die boord tot sy huidige grootte van agt hektaar uit te brei.

Kyle-Jones het in 2020 besluit om die korporatiewe wêreld agter te laat en voltyds op die plaas in te skakel. “Al was die stadsliggies lekker, is die plaas beter vir die siel,” sê hy. Hy beskryf SAPPA se ondersteuning as van onskatbare waarde, veral omdat pekanneute ’n lang aanloop

het voordat dit 'n inkomste begin lewer. "Kontantvloei is altyd 'n uitdaging, en SAPPA help nie net met insette soos sink en kunsmis nie, maar ook met leiding en raad – en dit maak 'n wêreld van verskil," sê hy.

Twee SAPPA-spanlede, Hardus en Ivan, is die mees betrokke by die Middletons se boerdery en word beskryf as altyd bereid om 'n helpende hand te leen. Hierdie samewerking is 'n goeie voorbeeld van hoe vennootskappe in die landbou sektor transformasie werklik kan maak – een boom op 'n slag.




## SAPPA Greetings / SAPPA Groete

T: (021) 250 1692 | E: admin@sappa.za.org | PO Box 163, PAARL, 7620
www.sappa.za.org

**Share this email:**

**Manage** your preferences | **Opt out** using **TrueRemove®**
Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.
View this email **online**.

PO Box 163
Paarl, | 7620 ZA

This email was sent to .
*Continue receiving our emails, add us to your address book.*

Subscribe to our email list.